e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

4 Augustus 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 25

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Dames of susters?

Tussen al die studiestukke en pratery en voorafvergaderings en papierwerk vir die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (AKV) vergeet ons dat daar in dieselfde week nog 'n belangrike vergadering in die kerkgebou van Gemeente Wonderboom plaasvind – die driejaarlikse NHSV Kongres van 6 tot 8 Oktober 2011.

In die lewe en werk van die vrouelidmate van ons Kerk is dit 'n baie belangrike geleentheid. Eintlik is dit vir die Kerk 'n baie belangrike geleentheid, want op 'n stil manier vervul die susters 'n groot rol in elke gemeente. Die meeste verenigings of organisasies het 'n leuse. Die NHSV se leuse is *Wees 'n seën*. Van al die groepe kom die NHSV waarskynlik die naaste daaraan om haar leuse uit te leef.

Iets hinder egter. Waarom word die vrouelidmate van ons Kerk dikwels in vergaderings aangespreek as *dames*? En as in die kerklike publikasies berig word oor hul werksaamhede, word vertel van wat die *dames* van 'n bepaalde gemeente gedoen het. Is ons skaam dat gelowige vrouens in ons Kerk *susters* is?

Daar is 'n groot verskil tussen 'n *dame* en 'n *suster*! Enige vrou in die wêreld kan immers 'n *dame* wees... maar nie enige vrou kan 'n *suster* wees nie. Net 'n vrou wat in Jesus Christus glo, kan 'n suster wees. Eers wanneer 'n vrou deel geword het van die Liggaam van Christus, word sy *tot seën* vir haar susters en broers.

Dit is die rede waarom die NHSV se naam nie die NHDV is nie. Ons susters behoort nie aan 'n damesvereniging nie. Daarom is dit verkeerd as hulle mekaar in die NHSV aanspreek as *dames*. Enige dame kan liefdadigheidswerk doen. Maar onthou, die NHSV doen nie liefdadigheidswerk nie. Die susters van ons Kerk doen barmhartigheidswerk. Wanneer jy onder die indruk gekom het van die groot barmhartigheid wat jou Broer Jesus Christus aan jou bewys het, wil jy self ook barmhartigheid bewys.

Nee, ons kan nie sonder ons susters kerk wees nie. Die susters moet die Kerk van verharding red. In die Evangelies lees ons hoe die Galilese mans wat Jesus in die uur van sy triomf omring het, nie daar was in die uur van sy wanhoop nie. Maar die vroue van Jerusalem het weggebreek van die voorbeeld van die mans en het hulde van trane aan sy jeug, karakter en lyding gebring. Hulle het Hom gevolg, Hom met hul besittings gedien, sy voete met hul trane gewas, sy hoof met nardus gesalf, en toe hul mans en broers besig was om Hom tot die dood toe te vervolg, het hulle Hom met geween en geklaag na die toneel van sy martelaarskap begelei.

Liewe Susters, ons Kerk en ons broers het julle nodig! Ons bid vir die NHSV Kongres. Mag jul leuse *Wees 'n seën* veral nou al meer waar word in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Ds Paul Kern, Sannieshof

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Frans Ras

Beroep aanvaar

- **Ds Frans Ras** van Pietermaritzburg na Windhoek

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Ds Johann en mev Janeke de Bruin van Gemeente Wonderboompoort se jongste suster, **Engeli Myburgh** (gebore Botha, 12 Oktober 1975), is oorlede in Milnerton, Kaapstad. Nadat hulle gesukkel het om kontak met haar te maak, het die polisie haar dood op haar bed gevind. Die familie wag nog op die uitslag van die nadoodse ondersoek. Ons innige simpatie gaan aan ds De Bruin en hul familie.

- **Prof Schalk Botha** het op Sondag 31 Julie sy 50ste jaar in die bediening gevier. Hy het die oggenderediens gelei in Gemeente Grootvlei waar hy en sy vrou reeds 26 jaar lank lidmate is en getrou saam met die gemeente werk.

Ds Lisa-Mari Swanepoel

- **Prop Lisa-Mari Swanepoel** is op Sondag 3 Julie deur **Gemeente Sasolburg-Suid** ontvang. Ds Swanepoel is in die standplaas bevestig deur ds Thinus van Staden. Namens die Kommissie van die AKV het dr Wim Dreyer, viseskriba, haar verwelkom. Die gemeente bid ds Swanepoel seën toe vir haar groot en belangrike taak.

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 Augustus**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 4 Augustus: Di Jan Claassen (Strand), Frans Oosthuizen (Pietersburg) en Stephan van Tonder (Gobabis)
  - Saterdag 6 Augustus: Dr Stephan Hoffman (Vaalharts), di Japie Jacobs (emeritus) en Renier Lee (siekte-emeritaat)
  - Sondag 7 Augustus: Di Kobus Celliers (Brits), Rassie Smit (emeritus), Coenraad Strydom (Onverwacht), Johans van Tonder (Balfour) en prof Lourens Steenkamp (Makarios)
  - Maandag 8 Augustus: Di Jan Schutte (siekte-emeritaat) en Jaap Steenkamp (Potchefstroom Die Wilge)
  - Woensdag 10 Augustus: Ds Johan Ayres (Germiston)

- **Dr Frikkie Labuschagne**, nuutaangestelde sekretaris van die Kantoor van die Kommissie van die AKV, het op Donderdag 4 Augustus in sy nuwe pos begin werk. Hy het op Sondag 31 Julie van Gemeente Sasolburg afskeid geneem en moes eers vroeg in die week sy nuwe woonplek betrek. Dr Frikkie se e-posadres is **frikkie@nhk.co.za**.

- **Prof Piet Geyser** werk tans vir 'n derde skof in **Gemeente Windhoek**. Die gemeente is geruime tyd reeds vakant. **Ds Frans Ras** van Pietermaritzburg het die beroep na Windhoek aanvaar, en prof Geyser sal in die gemeente help totdat ds Ras bevestig is. Daar is weer stabiliteit en rustigheid in die gemeente na die afsterwe van die vorige predikant, ds Drikus Engelbrecht.

VTT in Durban

- **Gemeente Bothaville** ontvang op Sondag 7 Augustus hul nuwe predikantspaar, **ds Hennie en mev Miekie Pretorius**, wat die afgelope paar jaar in Gemeente Dora Theo Kimberley werksaam was.

- Emerituspredikant **ds Klaas Koning** is beskikbaar om in enige gemeente in Pretoria of naby Pretoria as pastorale hulp diens te doen.

- **VTT in Durban.** Die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) het die naweek van 29-31 Julie 'n Voortgesette Teologiese Toerustingskursus (VTT) vir predikante, ouderlinge en diakens van die MRCC in Durban aangebied. Die kursusgangers kom uit gemeentes en sendingstasies in KwaZulu-Natal en die voormalige Transkei. 50 persone het die geleentheid bygewoon. Prof Natie van Wyk het oor die missionêre belangrikheid van die Doop gepraat en dr Piet Boshoff oor die liturgiese kalender. Ds Joseph Motloba was verantwoordelik vir die praktiese reëlings en mev Christina Dreyer vir die etes. Dit was 'n aangename en leersame geleentheid. Die Kerk se voorbidding word gevra vir die broers en susters wat op verafgeleë plekkies besig is om die evangelie uit te dra. Op die foto is die kursusgangers en dosente saam met ds Thomas Dreyer voor die kerkgebou van Gemeente Durban.

- Die **deurkollekte van 7 Augustus** word vir die **Teologiese Opleidingsfonds** afgestaan.

- **Afvaardiging na buitengewone sitting van die AKV.** Heelwat kerkrade het navraag by die Kommissie van die AKV gedoen oor die afvaardiging van 'n ouderling na die komende buitengewone sitting van die AKV in gevalle waar die ouderling om die een of ander rede verhinder is om die 69ste AKV by te woon. Die Kommissie van die AKV interpreteer Ordinansie 3.12(ii) van die Kerkorde so dat so 'n ouderling of sy plaasvervanger wel kan sitting neem. Die geloofsbrief moet vergesel wees van 'n begeleidende skrywe wat die afvaardiging motiveer. 'n Skrywe in dié verband is die afgelope week aan kerkrade gestuur.

- Die **NHSV Hoofbestuur** bedank graag elke gemeente, predikant, gemeentelid en tak wat die ekstra myl gestap het met die NHSV se deurkollekte op Sondag 13 Februarie 2011. Die NHSV Hoofbestuur staan nederig en in dankbaarheid voor almal vir hul oop hande en harte. Die wonderlike bedrag van R129 566 is tot op hede ontvang vir hierdie deurkollektes; die geld sal in 2012 aangewend word vir die toekenning van beurse en lenings aan ons Hervormde studente. Baie dankie vir al die ondersteuning aan die NHSV – dit word opreg waardeer.

- **Die *coolste* Landwye Bybelvasvra nog!** Ons gaan die hele naweek van 9-11 September kamp, mekaar leer ken en die vraestelle skryf. Die kamp word gehou by Kwaggasrus naby Beestekraal. Gaan kyk by **http://www.kwaggasrus.co.za/** – dit lyk na 'n lekker terrein! Die koste is soos volg: VIR DIE HELE KAMP: Die kamp kos R330 per persoon om aan te bied, maar ons het 'n borg gekry en daarom kos dit jou net R160 vir die HELE naweek. Daarvoor kry jy 5 etes, warm, gemaklike slaapplek, speletjies, aktiwiteite, die Vasvra self en nog baie meer! VIR DAGBESOEKERS (slegs Vasvra op Saterdagoggend): R50 per persoon. **Deposito's** van R300 per span moet **voor of op 26 Augustus** betaal word. Volledige betaling moet voor of op 2 September gedoen word. Betalings kan gemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; rekening nommer: 020 000 287; takkode 632 005; verwysing 16RVGS. Die bewys van betaling MOET gestuur word aan: Sarie Roux, faksnommer 086 633 2913, e-pos **kassier@nhk.co.za**. Vir enige verdere inligting, kontak ds Stephen de Beer by 083 781 2955; ds Marna Naudé by 078 639 1278; ds Willem Dykema by 082 560 4772; of ds Marius Bacon by 083 297 6135.

- **Bejaardesorg – finansiële probleme van bejaardes.** Die hoër lewensverwagting plaas ongelooflike druk op die tradisionele vorms van aftreebeplanning. Pensioene



en uittree-annuïteite kan nie voorsien in die groter wordende vraag nie. Voordele sal moet verlaag en ons bejaardes sal jaar vir jaar armer word. Uit 'n grafiek van een van die groot finansiële instellings, is dit duidelik dat pensioenarisse wat hul lewe lank gewerk het, binne so min as 5 jaar probleme ontwikkel rondom hul finansies. 20 jaar na aftrede kan jou pensioen glad nie meer in jou lewenskoste voorsien nie. ('n Onafhanklike studie beweer dat slegs 7% van mense in Suid-Afrika kan bekostig om finansieel onafhanklik af te tree.) Pensioenarisse moet dus meer en meer teruggaan werk toe, of by hul kinders gaan woon en deur hul kinders versorg word. Die Kerk sal nuut moet dink oor hierdie probleem, terwyl dié van ons wat nog werk, nuut sal moet dink oor aftreebeplanning. 'n Totale kopskuif is nodig. Die grafiek toon die tendens wat uit 'n studie in ons Kerk na vore gekom het.

Die **AGB (Aksiegroep vir Bejaardes)** is gestig om te werk aan hulpmiddels en riglyne vir individue en gemeentes in die versorging van bejaardes. Ons wil kennis uitruil en antwoorde op uitdagings vind. Kan jy help? Kontak die AGB met inligting, hulpmiddels of vrae. Kontak ook die voorsitter van die komitee, dr Hennie van Deventer, by **htvd@worldonline.co.za** of 082 786 8448 om eredienste te lei en gemeentes of ringe toe te spreek oor die uitdaging wat bejaardesorg in die toekoms aan ons gaan stel.

- **Hoof: Hervormde Teologiese Kollege.** Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) wat gesetel is by die Universiteit van Pretoria.

  Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:
  - 'n Senior, geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - 'n Gepromoveerde in die Teologie, verkieslik in die Praktiese Teologie, omdat 'n groot deel van die praktykvorming op die terrein van die Praktiese Teologie lê.
  - Iemand met gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings wat by die studente vertroue inboesem en wat met ander kollegas in 'n veelkerklike Fakulteit goeie verhoudings kan bou.
  - Iemand wat deur selfstudie en navorsing op die hoogte is en kan deelneem aan die huidige teologiese diskoers.
  - Die kandidaat sal ook lesings moet aanbied vir studente, asook ander kursusse soos en wanneer nodig.
  - Rekenaarvaardig, veral in MS Office.

  Die pos bied die volgende voordele:
  - Mededingende salaris met die Kerk se traktementskale as riglyn.
  - Ruim verlof.
  - Maatskappymotor of motortoelaag.

  Indien u meen dat u die geskikte kandidaat vir die pos is, kan u 'n verkorte CV **voor of op 19 Augustus 2011** stuur aan Piet Beukes by e-pos **piet@nhk.co.za** of faks 086 630 5150.

- **Uitbreiding van die Argief- en Biblioteekkomitee.** Hierdie Komitee word gedurende die eerste week van September 2011 gekonstitueer. Sy opdrag is onder meer die aanwins, bewaring en ordening van argiefmateriaal sowel as die beheer en bevordering van die biblioteekmateriaal. Dit is onmisbare bronne vir navorsing en kan 'n beduidende rol speel vir kerkrade, gemeentes en navorsers wat kennis oor fasette van kerkwees of gemeentegang wil inwin. Dit word in toenemende mate belangrik dat, in 'n wêreld waar digitale bronne aan die orde is en inligtingstelsels geïntegreer word, die Komitee daadwerklik aandag skenk aan 'n aanwinsbeleid met inagneming van digitalisering; toeganklikheid en benutting van bronne en hulpmiddels; riglyne en toerusting vir kerkrade en

sinodale liggame; integrering van inligtingstelsels; en skakeling met kerkrade en ander instansies.

Teen hierdie agtergrond wil ons graag 'n uitnodiging aan lidmate rig om saam te werk aan die bewaring van een van die Kerk se skatte. Lidmate met kennis en ervaring van inligtingstelsels en/of biblioteekkunde en 'n passie vir argiefdokumente en boeke kan die argivaris, mnr Nándor Sarkady, kontak by 012 322 8885 x204 of **argief@nhk.co.za**.

- Mnr Nándor Sarkady, die argivaris van die Kerk, het waardevolle dokumente opgestel oor **ontbinde gemeentes en gemeentes wat naamsveranderinge ondergaan het**. Gemeentes wat verdwyn of onder skuilname voortgegaan het, lewer dikwels groot probleme op by die soek na doopregisters, huweliksregisters, attestate, ensovoorts. Die lyste is beskikbaar op die Kerk se webblad. Gaan na **www.nhk.co.za** → So werk ons → Kerklike argief → Interessante inligting.

- Gemeentes kan gerus kennis neem van die **nuwe pryse van ons kerklike publikasies**. Vir 2012 is die pryse soos volg:

Almanak/Bybelse Dagboek:	R110
Die Hervormer (11 uitgawes):	R100 (R10 per individuele eksemplaar)
Konteks (10 uitgawes):	R140 (R15 per individuele eksemplaar)

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- 'n Ruim **enkelwoonstel** is onmiddellik beskikbaar binne stapafstand van die Universiteit van Pretoria. Die woonstel is geleë op die kerkterrein van **Gemeente Philadelphia** en word verhuur teen R3 500 per maand (water en ligte ingesluit). Daar is veilige parkering vir 'n motor. Skakel Esmé Bolton by die gemeentelike kerkkantoor (012 362 7237) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866) vir meer inligting.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parkering, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

Toere

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte tot einde September 2011

- **Dinsdag 9 Augustus: NHSV Hartbeesfontein: Vrouedag**
  11:00 vir 11:30
  NG Kerk se gemeenskapsaal
  R50 per persoon
  Geskenkpakkie, heerlike musiek, modeparade, eetgoed
  Tong in die kies, praatjie van vrou tot vrou deur Freda de Klerk
  Sit jou hoed op (as jy wil) en kom geniet dit!
  Kontak Dorette Harmzen by 084 506 0511
  Kaartjies beskikbaar by Carina Fourie 082 564 1424

- **Saterdag 13 Augustus: NHSV Bothaville: Damestee**
  09:30 vir 10:00
  Kerksaal
  Spreker Yvonne O'Neill, sanger Louis-John
  Navrae Doutie 056 515 2673

- **Sondag 14 Augustus 16:30: Gemeentes Primrose en Primrose-Oos**
  Liefde wat heel
  Christelike toneelstuk deur Delta C – **www.deltac.co.za**
  By Laerskool Oosterkruin
  Ten bate van Graad 1-Bybelprojek
  Elke jaar word 'n Bybel aan elke nuwe graad 1-leerling
  in die skole in Primrose geskenk
  Volwassenes R50, kinders R30 (sluit ribburger in)
  Kontak Chris de Wet by 082 699 2295

- **Saterdag 20 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee**
  09:00
  Kerksaal
  R150 per persoon
  Kom verdwaal in Hansie en Grietjie se bos en luister na Mathys Roets
  Kontak Elsa by 082 971 4092 of **elsajvr@suidwes.co.za**

- *THINUS VAN STADEN: OPTREDES BY GEMEENTES*
  Soek julle gemeente iemand om op te tree
  tydens 'n oggend- of aandfunksie met musiek en gedigte?
  'n Gasspreker vir julle manne- of vroueontbyt?
  Om Thinus te bespreek, skakel 084 589 7035; e-pos wysmydieson@gmail.com

- **Vrydag 9 September: Gemeente Wonderboompoort: Buitelugkonsert**
  Die Campbells, Jeanette van Staden (jodel), Robbie Klay en Ollie die Nar
  By Laerskool Boerefort, Wonderboom-Suid
  Op rugbyveld – bring eie stoel
  R60 (kleuters onder 6 gratis)
  Hekke open 16:00
  Voorkunstenaars tree op tot 19:00, wanneer Die Campbells begin
  Kos te koop, veilige parkering.
  Vir meer inligting en kaartjies, kontak Sieg Schwarzer
  by 083 288 2779 of 012 335 4181
  of Magda Vermaak by 012 335 1129 / 082 550 2975
  Skole, kerke en ander instansies wat help kaartjies verkoop,
  kry 20% van die verkope!

Sportbyeenkomste tot einde Augustus 2011

- **Saterdag 13 Augustus: Gemeente Sionspoort: Randfontein EPR Fietswedren**
  120 of 58 km (pad) en 60 of 30 km (bergfiets)
  Wegspring by Tarlton Renbaan
  Besoek **www.sionspoort.org** of **www.cyclelab.com** om in te skryf
  Skakel Johan van Staden by 082 464 1547

Ander kompetisies en fondsinsamelings tot einde Augustus 2011

- **Gemeente Erasmia: Pretloop vir Bybels: Saterdag 13 Augustus**
  Ten bate van die Bybelgenootskap
  By die Voortrekkermonument in Pretoria
  Registrasie 07:00 tot 08:00
  Afstande 3 km, 5 km en 10 km
  Medaljes vir almal
  Koste R35
  Kontak Isme by 082 962 2870 of 012 370 3513

- **Gemeente Theresapark: Wildsete: Saterdag 13 Augustus 18:30**
  Chris du Plooy-saal, Hoërskool Gerrit Maritz
  R100 per volwassene, skoliere R50, voorskool gratis
  Kom geniet bosvark op die spit, wildsboud, sosaties, blouwildebees-ribrol, wildspastei, wildspotjie, wildswors, stampmielies, krummelpap en vele meer
  Vermaak vir kinders
  Veiling na ete, pryse te wen met trekking
  Navrae 012 542 3568 / 012 542 1321 / 073 099 3699

- **Gemeente Koster: Mosambiekse Vakansiekompetisie**
  1ste prys: 'n Vakansie van 1 week by Tofo in Mosambiek – vervoer, alle etes en diepseehengel vir 4 persone ingesluit
  2de prys: 1 week selfreis en selfsorg by Witsand in die Kaap
  Kaartjie R50 (koop 10 en kry 1 gratis)
  Sluitingsdatum 31 Augustus
  Kontak Koos Vorster by 082 403 2518

Basaars en markte tot September 2011

- *THABAZIMBI APIESDORING KARNAVAL*
  SATERDAG 6 AUGUSTUS 8 VM – 4 NM GEMEENTE VLIEGEPOORT
  Maak 'n jakkals se roep na – R10 000 kontant vir wenners!
  Raai 'n elandkarkas se gewig en wen hom opgesny, gebiltong en verpak
  Boomklimkompetisie
  Visvang-om-die-sementdam-kompetisie
  Rooibokbiltong R75 per kg, honderde kilogramme beesbiltong
  Pap-en-kaiings
  DJ Ossewa en Basjan die Weskusklong
  Veiling waar kinders 2 tot 17 alleen mag bie
  Nat beskuit, roosterkoeke, potbrood, afval en stampmielies
  Kom ervaar Thaba-bosveld se gasvryheid...
  www.apiesdoring.org
  Navrae Hennie van der Linde (083 507 0335)
  of Izak Joubert (083 488 6357)

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Ottosdal: Oesfees**
  Outydse basaar met pannekoek, poeding, ens
  Vir fietsryers: afstande van 5, 10 en 30 km teerpad
  Vir kleinspan: skopfietswedren
  Karolus en Lente vermaak oud en jonk
  Toegang gratis
  Neem deel aan Oesfeeskompetisie teen R20 –
  kontak Adri Botha by 082 403 5051 of **arbotha.adri@gmail.com**
  Week vakansie vir 6, Wii (rekenaarspeletjie) en slagskaap te wen

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Premiermyn (Cullinan)**
  OPPI-STASIE WARM WINTERFEES
  By Cullinan-stasie, oorkant Cullinan-polisiestasie
  09:00 tot 15:00
  Alles waaraan jy kan dink of kan verslind
  Soek jy waarde vir inflasiegeld?
  Kom koop eetgoed, smulgoed, tot 'n haakspeld
  Vir stalletjiebespreking, kontak Alta by 082 682 1252
  of Annetjie by 082 921 8200
  E-pos: **nhkpm@absamail.co.za**

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit: Geskenkemark**
  Bespreek stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R150 (R180 indien 'n kragpunt benodig word)
  Kontak Alta Bester by 082 936 5289

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Mafeking: Basaar**
  Tema *Kamma-kamma-fees*
  Kerkterrein in Nelson Mandelaweg
  Lichvaal Stereo se buiteuitsendingeenheid saai uit vanaf basaar
  en sorg vir musiek en vermaak
  R50 per inskrywing vir groot pryse soos R10 000 kontant
  Navrae aan Adriaan Redelinghuys by **adriaanred@yahoo.com**
  of 082 789 1523

- **Saterdag 3 September: Gemeente Koster: Koster-karnaval**
  Skool se sportgronde
  Uitstallings, baie eetgoed, verskeie sportsoorte
  Bespreek **nou reeds** stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R300
  Wiele **–** uitstalling van GWM
  Veiling van Persiese Matte en Boplaas-wyne
  Skakel Harry Smit by 082 807 9208

ANDER NUUS

- **ADMINISTRATEUR.** Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van Administrateur vir diensaanvaarding met ingang van 1 Januarie 2012.

  Die geskikte kandidaat sal ten minste aan die volgende vereistes voldoen:
  - Bekend wees met die etos van die Kerk.
  - Beskik oor 'n bewese bestuursrekord.
  - Beskik oor gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings.
  - Beskik oor 'n akademiese kwalifikasie op hoë vlak in bestuur, administrasie en finansies, of 'n gelykwaardige kwalifikasie.
  - Verdere akademiese kwalifikasies kan 'n aanbeveling wees.
  - Rekenaarvaardig wees, veral in MS Office.

Die pos behels die bestuur van die Sinodale Kantoor van die Kerk en skakeling met die gemeentes en ringe van die Kerk sowel as met eksterne persone en liggame, byvoorbeeld die Bybelgenootskap en universiteite. Daarby dien die Administrateur in verskeie van die rade van die diensorgane van die Kerk, en dit vereis dat die kandidaat ook soms uitstedig sal wees.

Die pos bied die volgende voordele:

- Mededingende salaris.
- Ruim verlof.
- Maatskappymotor of motortoelaag.

Indien u meen dat u die geskikte kandidaat vir die pos is, kan u 'n verkorte CV **voor of op 19 Augustus 2011** stuur aan Piet Beukes by e-pos **piet@nhk.co.za** of faks 086 630 5150.

- **DPS-STELSEL. Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom.** Datum van diensaanvaarding gedurende Desember 2011 maar verkieslik nie later nie as 1 Januarie 2012. **Aansoeke sluit op 16 September 2011.**

  - **Vereistes:** Getroude egpaar; verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud; lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk; goeie gesondheid; aanvoeling vir kinders.
  - **Vergoeding:** Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning binne die DPS-huis ontvang.

  Vir meer inligting, kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Willem Kok by 018 294 4187 of 083 664 0058.

- **Die Ondersteuningsraad** bied vanjaar weer vir 'n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Maatskaplike werkers van die Raad behartig terapeutiese groepsessies, en studente van Gemeente Philadelphia help met rekreasie en sport. Fondse word benodig vir die kampterrein, vervoer, drie etes per dag, materiaal vir die rekreasie en sportaktiwiteite, ensovoorts. Die **berekende koste beloop R800 per kind** vir die hele week. **Persone wat graag 'n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik oor die volgende **vakatures**:

  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwins wees; area Rustenburg/ Potchefstroom/Klerksdorp
  - Maatskaplike Werkers (x3); areas Tarlton, Krugersdorp en Brakpan
  - Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Gaslesings by Universiteit van Pretoria**
  Woensdag 10 Augustus
  Bekende Nederlandse praktiese teoloog, prof Ruard Ganzevoort
  In kamer L 1-68 in gebou van Nagraadse Sentrum
  Almal welkom, toegang gratis
  09:00 – 10:00 *(Practical) Theology as public theology*
  10:00 – 11:00 Tee

11:00 – 12:00 *Public Theology and political and religious diversity*
12:00 – 13:00 *Public Theology and sexual and gender diversity*

- **Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk**
  Datum: 24 Augustus 2011 vanaf 09:00 (ledevergadering 11:45)
  Plek: Gemeente Pretoria
  Tema: *Die Kerk en politieke verantwoordelikheid: Perspektiewe uit die tradisie*
  Sprekers: Prof Danie Goosen en dr Hennie Botes
  Navrae: Dr Christo Pretorius (**praetorc@telkomsa.net**, 083 651 9634 of 012 547 0292) of dr Malan Storm (**nhmeyerspark@lantic.net**, 012 803 7528 of 083 308 1030)

- *SONGS OF PRAISE*
  Sondag 14 Augustus om 15:00
  NG Kerk Faerie Glen, Atterburyweg, Pretoria
  Richard Cock (dirigent), Eddie Davey (orrel), Pretoria Mannekoor (olv Marina Mentz), Edu-Cantare Koor (olv Riekie van Aswegen), Musica Viventi (Marina Mentz), Johannesburg Festival Brass
  Ook met publieke samesang
  R110 (volwassenes), R95 (pensioenarisse en kinders onder 18)
  Kaartjies verkrygbaar by NG Kerk Faerie Glen
  of by deure op dag van uitvoering
  Skakel Hennie Mentz by 083 325 5842
  of gemeentelike kerkkantoor by 012 361 5310

- Die **volgende vergaderings** vind tot 12 Augustus plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 5 Augustus: Taakspan
  - Donderdag 11 Augustus: Direksie van Monumenttehuise
  - Vrydag 12 Augustus: Predikantepensioenfonds
    Personeelpensioenfonds

- *VAKANSIEVERHURING*
  Huis met praguitsig in Heroldsbaai in sekuriteitskompleks te huur
  Van 1 tot 16 Desember en weer van 27 Desember 2011
  3 slaapkamers, 2 badkamers, binnebraaiplek, groot stoep, ontspanningsarea, waskamer en enkelgarage
  Slaap 6 tot 8 persone
  R950 per nag, elektrisiteit uitgesluit (koopkrag)
  Bykomende woonstel (slaap 4) ook te huur indien meer as 8 persone vir R450 per nag
  Minimum verhuringstydperk 7 nagte
  Duvets en kussings word voorsien
  Foto's op aanvraag beskikbaar
  Deposito 50% by bespreking
  Kontak Elise Heyns by 076 137 8903 of elise.heyns@gmail.com

- **Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:**

  - Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien),

maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.

- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R114 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

AGTERBLAD

Nuwe liedere vir jeugbediening

Die volgende CD's en DVD is nou in die SENTIK-boekwinkel beskikbaar:

- Nuwe liedere in klassieke styl vir gemeentesang en kleingroepe
  VONKK Volume 1
  CD – begeleiding met sang
  R50 (posgeld uitgesluit)

- Nuwe liedere in klassieke styl vir gemeentesang en kleingroepe
  VONKK Volume 1
  DVD – woorde en begeleiding met sang
  R60 (posgeld uitgesluit)

- *luister*
  FLAM
  CD
  R85 (posgeld uitgesluit)

Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054, of per e-pos van **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx